krs

# Foreword

The PU for CHE, and especially the Faculty of Theology, were honoured to host the sixth South African congress on Calvin and Calvinistic research. The congress took place in Potchefstroom on 24 and 25 August 2000 and had as its theme: “Calvin as minister of the Word”.

The papers in this issue of KOERS are the products of outstanding research and once again demonstrate that, for Calvin, the ministry of the Word had the highest priority.

We believe that this sixth congress, like its predecessors, has made a valuable contribution to augmenting our knowledge of Calvin. In this way the congress also served to expand the Reformed tradition. It is not only in theological science that research on this gifted Reformer is highly regarded. It is also invaluable to the church and the ministry.

We greatly appreciate the contributions of the authors whose papers appear in this publication. We are grateful for the excellent work of the Editorial Board of *KOERS* who submitted all the articles to a panel of referees for selection and evaluation.

All the authors are experienced researchers, outstanding scientists and experts on Calvin. The articles focus on Calvin as *verbi divini minister*. Since the proclamation of the Word of God – now more than ever before – should be such that people can identify with it – and in the light of the renewed hermeneutical interest in the understanding and communication of the Word, this issue of *KOERS* should be useful to both theologians and ministers.

We are grateful and honoured that *KOERS* makes the fruits of a very interesting congress available to a much larger audience.

**A. le R. du Plooy**

# Voorwoord

Dit was ’n voorreg vir die PU vir CHO, in besonder die Fakulteit Teologie, om die gasheer te kon wees van die sesde Suid-Afrikaanse kongres oor Calvyn en Calvynnavorsing. Die kongres het op 24 en 25 Augustus 2000 in Potchefstroom plaasgevind, en die sentrale tema was “Calvyn as bedienaar van die Woord”.

Die referate wat in hierdie uitgawe verskyn, getuig almal van uitstekende navorsing en bevestig die feit dat Calvyn die bediening van die Woord van God as die hoogste prioriteit beskou het.

Ons is daarvan oortuig dat hierdie sesde kongres – soos vorige kongresse – inderdaad ’n besondere bydrae tot meerdere kennis van Calvyn gelewer het. Op hierdie manier is die Reformatoriese tradisie verder uitgebou. Nie net in die wetenskap van die teologie nie, maar ook in die kerklike bediening word die navorsing oor hierdie begaafde Hervormer steeds besonder waardeer.

Ons het hoë waardering vir die samewerking van die verskillende skrywers wie se referate in hierdie uitgawe gepubliseer word. Die redaksie van KOERS het op ’n voortreflike wyse sorg gedra dat die artikels aan die evaluering van ’n wetenskaplike keurderspaneel onderwerp is, en in hierdie uitgawe opgeneem word.

Die verskillende skrywers is almal ervare navorsers, goeie wetenskaplikes en uitnemende kenners van Calvyn. Die artikels fokus op Calvyn as *verbi divini minister*, en behoort – vanweë die voortdurende aktualiteit van die prediking asook die resente hermeneutiese belangstelling ten opsigte van die verstaan en kommunikasie van die Woord van God – insiggewend vir veral die teoloog en predikant te wees.

Ons is dankbaar en bevoorreg dat KOERS die artikels as die resultate van ’n aangename en vrugbare kongres hiermee aan ’n veel wyer lesersgroep beskikbaar stel.

**A. le R. du Plooy**